**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 1.12 · VOL. 95. PG 4619 - 4644.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-05-27

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** EN
**ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL**
**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

95

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 95**

(Bladsye 4 619 - 4 644)

HOF HERVAT 1986-05-27

ADRIAAN PIETER VAN NIEKERK v.o.e.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Kaptein, ek wil net met u getuienis begin by BEWYSSTUK 9 wat u gister gehad het wat u nie heeltemal seker was nie. Kan u net vir ons sê wat is die omstandighede met BEWYSSTUK 9. -- BEWYSSTUK 9 is nie gevind by Khotso Huis nie. Dit is by UDF se kantore gevind.

HOF: Maar UDF se kantoor is ook in Khotso Huis het ek verstaan. -- Ek bedoel nie by Afra Scope nie, verskoning.

MNR. JACOBS: Waar het u dit gekry? -- Ek het die band by sersant Erasmus gekry, op 19 Februarie 1985.

Nadat u dit ontvang het, wat het u daarmee gemaak? -- Die band was in my bewaring gehou en op 22 Februarie was die band saam met ander ...

HOF: Van watter jaar? -- '85.

Ja? -- Op 22 Februarie 1985 was hierdie band saam met ander aan kaptein Botha van Pretoria oorhandig.

MNR. JACOBS: Die ander, is dit hierdie ander bande wat u na verwys het wat u op beslag gelê het of watter is dit? -- Nee, ek praat nou van die bande - die bande wat ek op beslag gelê het by Afra Scope, daardie bande was op 11 Oktober 1984, was dit aan kaptein Botha oorhandig deur myself.

Laat ek dit dan net miskien duidelik kry om hierdie prentjie volledig te bring ...

HOF: Ek wil nou net duidelikheid hê. U gaan 'n bietjie vinnig, mnr. Jacobs. Dit moet getolk word en ek moet darem ook die datums afskryf. U het dit op 11 Oktober 1984 oorhandig? -- Ja, dit is die bande wat ek by Afra Scope ..

Die Afra Scope-bande. -- Afra Scope-bande.

Aan wie? -- Aan kaptein Botha.

In dieselfde toestand waarin u dit ontvang het? -- Soos ek

dit/..

dit ontvang het, so het ek dit vir hom gegee.

En geld dit ook vir nr. 9? -- Dit is so.

MNR. JACOBS: Gedurende Februarie 1985, het u van adjudantoffisier H.C. Nieuwoudt van die Veiligheidstak, Kimberley ook 'n band, BEWYSSTUK 16, ontvang? -- Dit is korrek. Op 21 Februarie. Dit is BEWYSSTUK 16.

Het u die band ook aan iemand oorhandig, nadat u dit ontvang het? -- Die band saam met - dit is nou BEWYSSTUK 16, saam met BEWYSSTUK 9, is die bande wat ek op 22 Februarie aan kaptein Botha oorhandig het.

HOF: Van watter jaar? -- 1985.

MNR. JACOBS: Terwyl die bande, al die bande wat u oor getuig het, in u besit was op hierdie stadium, waar was hulle bewaar terwyl hulle in u besit was? -- Die bande van Afra Scope was in my eie kantoor toegesluit vir basies twee dae toe dit oorhandig is aan kaptein Botha. Die ander bande wat ek op '85 aan kaptein Botha oorhandig het, was ook in my besit, maar net in 'n ander kantoor deur myself toegesluit gewees.

HOF: Die "ander bande" is nou 19 en 16? -- Dit is korrek. BEWYSSTUKKE 9 EN 16.

In iemand anders se kantoor of net in 'n ander kantoor? -- In 'n ander kantoor wat ek op daardie stadium gebruik het.

Wat op daardie stadium u kantoor was? -- Nee, ek het hom net gebruik, daar was 'n ontsettende hoeveelheid dokumente in en ek het hom spesifiek gebruik vir die ondersoek wat ons toe geloods het.

MNR. JACOBS: Het enigiemand anders toegang gehad tot enige van hierdie twee kantore nadat u dit gesluit het, as u dit toesluit en so aan? -- Nee.

Is daar enigsins deur u of deur enigiemand anders met hierdie bande gepeuter of aan hulle gewerk, uitgevee of enigiets,

of/..

of byvoegings gedoen? -- Nee.

Toe u hierdie bewysstukke aan kaptein Botha oorhandig het, was hulle in presies dieselfde toestand as toe u op hulle beslag gelê het of ontvang het van hierdie ander persone? -- Dit is so.

Kaptein, ek wil net na een ander ding toe gaan. Ek wil aan u toon BEWYSSTUK C36. Dit is 'n dokument ..

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Volume?

MNR. JACOBS: Volume 3. Dra u kennis van daardie dokument? -- Ek dra kennis van die dokument.

Kan u vir ons sê watse kennis dra u van hom? -- Ek het 'n soortgelyke dokument as hierdie een vanaf 'n beriggewer ontvang.

Watse dokument is daardie? -- Hierdie is 'n dokument wat gerig is aan Afra Ascope, aan die persoon Kelvin Precasum.

HOF: Net so 'n oomblik. My BEWYSSTUK C36 het as eerste bladsy "Aanhangsel", is die opskrif bo-aan en dit is gerig aan Inter Church Media Programme. -- Dit is korrek.

Is u dokument dieselfde? -- Ja, dit is korrek.

Kan u net herhaal wat u gesê het? -- Ek lees ook daar dat die adres hierop is Inter Church Media Programme en dan net onder dit staan "Mr Kelvin Precasum. Nou dra ek kennis dat sy pos, die pos van Afra Ascope, het deur Inter Church Media Programme gegaan.

MNR. JACOBS: Is die dokument so in sy geheel wat u ontvang het van die beriggewer af? -- Ek het, soos ek gesê het, 'n soortgelyke een in geheel van 'n beriggewer ontvang.

HOF: As u praat van die geheel dan is dit hierdie - al die bladsye wat ons daar het totdat ons by C37 kom? -- Ja. U Edele, ek wil net my dokument wat ek ontvang het, wil ek net gou vinnig ...

Ja, asseblief. -- Nagaan. U Edele, so op die oog af lyk dit na dieselfde, presies dieselfde, net die bladsye is blykbaar 'n bietjie geskommel te wees. Die laaste bladsy wat in die

bewysstuk/..

bewysstuk voor u is, is ook hierso by.

MNR. JACOBS: Kan u net vir my sê, kaptein, by Afra Scope self, het u op so 'n dokument beslag gelê? Volgens die inventaris? -- Nee, nie by Afra Scope nie.

U sê volgens u inventaris het u nie daarop beslag gelê nie? -- Nee, nie hierdie dokument nie.

U Edele, die volgende dele van sy getuienis is die dele wat nou op die oomblik by My Geleerde Vriend is wat die erkennings oor gemaak word. Sal ek hom op hierdie stadium maar laat dat My Geleerde Vriend met sy kruisondervraging ...

HOF: Laat ons eers hoor by mnr. Bizos was die storie is van die erkennings.

MR BIZOS: We were given, My Lord, a number of handwritten pages which we have checked and it looks as if - except for crossing of "t"s and dotting of "i"s they will become admissions so that there will be no difficulty about it. So far, My Lord, it may be necessary from what we have been informed by the State that it may be necessary for the State to call two number one witnesses so to speak. It would appear to be Mr Erasmus and Mr Benjamin. Apparently they ..

COURT: That is in order as far as I am concerned.

MR BIZOS: For the rest it looks as if the matter is going to be dealt with by way of admission.

COURT: What I would not like to happen is that we conclude this witness's evidence now, that he is sent away and that he has to come back again on these formal issues.

MR BIZOS: We will most certainly try and avoid that happening.

COURT: Very well. Is dit dan die einde van die hoofgetuienis?

MNR. JACOBS: Ek wil net een ding vir hom vra nog, U Edele. Kaptein, weet u waar die persoon Procasum is op die huidige oomblik, van Afra Scope? -- Volgens die inligting wat ek ontvang

het/..

het sit hy tans in die Verenigde State van Amerika.

HOF: Op 'n vakansietjie of permanent? -- Volgens die inligting is hy besig daar met 'n studiekursus van fotografie.

MNR. JACOBS: Het u enige idee wanneer hy sal terugkom of aanduiding of enige inligting? -- Volgens die inligting blyk dit dat hy vir 'n redelike lang tydperk daar sal wees.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Kaptein Van Niekerk, sal u asseblief na BEWYSSTUK AAV7 kyk, dit is die inventaris. Het u dit? -- Ek het 'n inventaris voor my.

U het gister moeilikheid gehad met die handskrif. Ek wil u net 'n bietjie probeer help. Dit sê "The material .."

HOF: Waar kyk u?

MNR. BIZOS: Op die eerste bladsy. Under remarks by aforementioned person. "The material found here is not all Afra Scope's material as many individuals not directly associated with Afra Scope use of offices - our offices." Sal u saamstem dat dit so lees?

HOF: Is dit "our"?

MR BIZOS: I would have said "use of offices." It is a telegraphic ..

COURT: "Use of offices"?

MR BIZOS: Yes, telegraphic style. Sal u saamstem dat dit .. -- Ek sal saamstem. Die derde woord "found" is die woord wat ek nie gister kon gelees het nie.

Sal u asseblief kyk na bladsy 2 van die dokument, kaptein. Nr. 18. U sien daar Neil Aggot-begrafnis. -- Ja, dit is so.

Dit verwys na die begrafnis van die wyle dr. Neil Aggot seker. -- Heel waarskynlik is dit so.

Was dit 'n band wat daar gevind was? -- Ek sal moet gaan kyk. Ek kan nie uit die vuis uit sê nie.

HOF: Is die bande in die eerste deel van die inventaris of is die

bande in die verdere deel van die inventaris? -- Hoofsaaklik in die verdere deel, maar daar is ook 'n band of twee gevind by die eerste kantoor in die eerste deel van die inventaris dan. U sal sien ...

Kyk, op 22 sê u video "Who is for Liberation". -- Dit is so. So 18 mag 'n dokument dalk wees.

MNR. BIZOS: Sal u asseblief na bladsy 8 van dieselfde dokument kyk. Sal u kyk na nrs. 187 tot 192. -- Ek sien dit. Dit is videos, video-opnames daardie.

Weet u wat die letters NA na verwys voor die woord "funeral", nr. 187? -- Die NA verwys na Neil Aggot.

Was nr. 187 tot 192 bandopnames, videos? -- Dit is so.

Kan ons aanvaar, kaptein, dat daar was 'n aantal kopieë van dieselfde video of soortgelyke video? -- Dit is baie moontlik.

Sal u asseblief na bladsy 3 kyk. Nr. 30 byvoorbeeld "Long wait of the dragon", was dit 'n video? -- Dit kan 'n video wees of moontlik 'n film, 'n rolprentfilm.

En nr. 31 "BBC wheels of fire." -- Weer eens dit kan 'n video-opname of 'n rolprentfilm wees.

41 "Assignment Vietnam." -- Weer eens dit kan 'n video of 'n film, rolprentfilm wees.

En 48 "New day in Brazil." -- Dit kan weer eens 'n video-opname of 'n film wees.

Blyk dit of nr. 50 "Anti-Psych Workshop Master." Wie se handskrif is dit? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie, op die inventaris of op die bewysstuk?

Op die inventaris. -- Dit is die handskrif van luitenant Prinsloo.

Kan u vir ons sê, as u weet, of die feit dat dit die meesterkopie van die werkswinkel was, of dit nou iets afgeskryf is vanself of het hy dit by iemand anders gekry, dat dit was nou 'n

werkswinkelmeester/..

werkswinkelmeester?

HOF: Die luitenant was 'n dame.

MNR. BIZOS: O, jammer, ek het vergeet. -- Sy het op hierdie inventaris geskryf wat sy gelees het op die bewysstuk.

So ons kan aanvaar dat die woord "workshop master" op die bewysstuk was. -- Dit is so. As ons net weer kan kyk na die bewysstuk. Ek dink dit was so. Ek het dit gister so ook gelees as ek reg onthou.

Goed, ons sal dit so aanvaar. As 'n verdere voorbeeld ek wil u verwys na 73 "Sello's wedding." Was dit ook 'n video? -- Video of 'n film, rolprentfilm.

Weet u wanneer die mnr. Sello getroud is?

HOF: Is dit 'n meneer?

MNR. BIZOS: Ek dink dat Sello is mos 'n man se naam.

HOF: Ek weet nie. Ken u vir Sello? -- Ek ken nie.

MNR. BIZOS: Hy of sy ...

HOF: Die kaptein ken nie vir Sello nie. Wil u hom nog vra oor sy troue daar?

MNR. BIZOS: U kan nie sê wanneer nie? -- Nee.

Miskien kan u vir ons sê wanneer wyle dr. Neil Aggot se begrafnis plaasgevind het. -- Gedurende Februarie 1983.

Kan ek help? '81. -- '81, ja.

'n Ander voorbeeld, nr. 106, "Shots of old and new western." -- Dit kan 'n video of 'n rolprentfilm wees.

Sal u asseblief kyk na - dit lyk of dit nou nr. 111 is, "Alexandra Township, the dark city." Op bladsy 6 en ook op dieselfde bladsy 135 - "The dark city original." Kan u sê of dit dieselfde video of film was of nie? -- Ek kan nie sê nie.

Sal u asseblief na bladsy 7 kyk, nr. 151. Ek kan nie die eerste woord lees nie, is dit "Real"?

COURT: "Real"?

MNR. BIZOS/..

MNR. BIZOS: "Real pigs - original". Nou, sal die feit dat dit die oorspronklike was of dat die woord "original" voorgekom het op die video, sou dit daarop geskryf gewees het? -- Die woord "Real pigs - original" sou op die film of videoband voorgekom het.

En 165, 166, 169 het dieselfde titel "Dark City", kan u vir ons sê of dit dieselfde of soortgelyke video was? -- Ek kan nie.

En ons sien ook dat 161 en 171 is ook "NA's funeral", verwys dit ook na die begrafnis van wyle dr. Neil Aggot? -- Ja.

En op bladsy 8 daar was ook - nr. 175 - "World Frizby Champ" en nog 'n ander, 184, met dieselfde titel - "World Frizby Champ." -- Dit is so.

Kan u vir ons sê of dit dieselfde was, of die een 'n afskrif van die ander was en of hulle soortgelyk was, u kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie.

Ek weet nie of Sy Edele kennis dra wat "frizby" is nie. Weet u wat "frizby" is? -- Nee, ek weet nie.

Ek ook nie.

HOF: "Frizby" is 'n skuif wat so groot is wat 'n mens in die rondte gooi. Dit is nie 'n baie interessante spel nie sou ek sê.

MNR. BIZOS: Dankie. Daar was iets ook in 206 "Pinch Bottom." Was dit ook 'n video?

HOF: Weet u wat dit is, mnr. Bizos? (Lag.)

MNR. BIZOS: Ek wil u byvoorbeeld op bladsy 10 verwys na nr. 251 "Goodbye Mrs Pilgrim." Weet u wat dit was? -- Nee, ek weet nie.

En 257 "Alex Real Opening 'B' Orig to Print." Kan u vir ons enige inligting gee was dit 'n video? -- 'n Video of 'n rolprentfilm.

Kon die afkorting "Orig." na enigiets anders as die oorspronklike verwys? -- Ek sal daarmee saamstem.

En as ons na die foto's kyk ..

HOF: U verwys na BEWYSSTUK AAV5?

MNR. BIZOS: Ja. Het dit gelyk dat daar apparaat is byvoorbeeld soos dit voorkom op foto nr. 9 om videos - 9 en 10 - videos te maak of te verander, te peuter? Te redigeer. -- Dit is seker moontlik met daardie apparaat wat daar lê om dit te doen. Ek het nie kennis of daardie apparaat op die foto dit sal toelaat nie.

U kan nie van u eie persoonlike kennis, kaptein, sê of enigeen van die videos wat u as bewysstukke ingehandig het, die oorspronklike is of nie? U kan net sê dat dit is wat u gevind het. U weet nie of dit die oorspronklike is of kopieë of 'n kopie van 'n kopie. -- Ja, dit sal ek nie kan sê nie.

Van u eie kennis u weet ook nie wie die oorspronklike sou geneem het? -- Van die videos weet ek wie die oorspronklikes geneem het.

Van u eie kennis toe hulle geneem was? -- Nee, nie van my eie kennis nie.

Nie van u eie kennis nie? -- Nee, nie van my ...

Ja, dit is die vraag. -- Ja, nie van my eie kennis nie.

En van u eie kennis u weet ook nie of die persoon wat die oorspronklike video geneem het 'n deskundige was of 'n amateur nie? Van u eie kennis. -- Nee, ek kan nie - van my eie kennis weet ek nie.

En dra u van u eie kennis, eie persoonlike kennis - weet u enigiets van die geskiedenis van die videos voor hulle in u besit gekom het op die datum dat hulle wel in u besit gekom het? U weet nie wat voorheen met hulle gebeur het nie? -- Nee.

Daar is twee kamers, 228 en 229, weet u wie die persoon is wat in beheer was van elkeen van die twee kamers? Gewoonweg. -- Kelvin Procasum is in beheer van beide kamers.

Kan u miskien verduidelik, kaptein, waarom die video wat aan die Hof gewys is, BEWYSSTUK 20, nie dieselfde video of nie 'n ware afskrif aan die verweerder gegee is nie? Laat ek dit so

verduidelik/..

verduidelik. Wat in die Hof gewys is, BEWYSSTUK 20, is mos korter en wys nie alles wat die afskrif wat aan die Verdediging gegee is as 'n ware afskrif van BEWYSSTUK 20 nie, dra u enige kennis daarvan.

I am not suggesting for one moment that the witness had anything to do with any alternation, My Lord.

COURT: Could you just clarify this, Mr Bizos, are you alleging that you got a copy of EXHIBIT 20.

MR BIZOS: Yes.

COURT: But that in the middle of it something was inserted which is not in my EXHIBIT 20 or that at the end of it something appears that is not in my EXHIBIT 20, what is alleged?

MR BIZOS: That there are a couple of places in our copy of EXHIBIT 20 in which material is shown which is not on that shown to Your Lordship.

COURT: In the middle of the thing?

MR BIZOS: Yes, My Lord.

HOF: Weet u iets daarvan? -- U Edele, ek kan dit vir u verduidelik. Op die inventaris, nr. 130 "Durban Meeting", is 'n soortgelyke videoband as BEWYSSTUK 20 voor u. Dit gaan oor dieselfde vergadering. Iten 130 is 'n meer vollediger opname as BEWYSSTUK 20 wat elders gekry is.

MNR. BIZOS: Laat ek sien dat ek nou goed verstaan het. Wat ons gegee was, was mos 'n video wat ook by die perseel gevind was.

HOF: Is 20 daar gevind? Kyk, dit is juis die verskil. As ek reg onthou van gister was 20 nie by Afra Scope gevind nie. -- Dit is so.

Maar is 130 by Afra Scope gevind. U kry 'n kopie van 130 en die Hof kry 20.

MNR.BIZOS: O, ek sien. Wel, vir my doeleindes is dit ..

HOF: So u is eintlik gelukkig, want u het meer gekry as wat ons

gekry/..

gekry het.

MNR. BIZOS: Wel, ek kan dit verstaan. Dit was nie 'n afskrif wat aan die Hof gewys is nie, dit was 'n ander video wat by 'n ander plek gevind is. -- Dit is 'n totale ander video. Dit is twee verskillende videos.

Wat nie dieselfde was nie. -- Dit is so.

HOF: So, die Verdediging het die verkeerde video gekry. -- Dit is so.

MNR. BIZOS: En dit blyk of daar verskille was van die videos wat by verskillende plekke - by twee verskillende plekke gevind was. -- Daar is 'n verskil in die twee videos.

Is dit 'n redigering van die video? Die een wat aan die Hof getoon is, is dit 'n redigering van die video? -- Ek het self ...

HOF: Het u hulle gesien? -- Ek het nie na hulle gekyk nie.

Nie een van die twee nie? -- Nee, ek het nie daarna gekyk nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

DISRé CARR v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n speurderadjudantoffisier, nè? -- Dit is korrek.

In die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer Veiligheidstak, Newcastle. -- Dit is korrek.

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK 20 voor die Hof. Ken u dit? -- Ek ken dit.

Het dit in u besit gekom, het u daarop beslag gelê? -- Dit is korrek.

Wanneer het dit gebeur? -- Dit was in 1984. Ek kan nie doodseker die presiese datum - dit was in 1984.

Kan u die maand onthou? -- Nee, ek kan die maand nie onthou nie.

Waar/..

Waar het u in besit daarvan gekom en hoe het u beslag daarop gelê? -- Ek het inligting ontvang deur 'n beriggewer dat ...

Waarheen het u toe gegaan? -- Na 'n Indiërman Kiren Satgoor.

Waar het u hom gevind? -- Hy was werksaam by Games-winkelkompleks, Newcastle.

HOF: Games? -- Games.

MNR. JACOBS: Waar? -- Te Newcastle. Ek het hom gevra of hy in besit is van 'n video waarop vryheidsliedere, soos die inligting wat ons ontvang het, ANC-liedere gesing word. Hy het geantwoord dat hy is in besit van so 'n video, maar hy het ontken dat dit ANC-liedjies is en gesê dat dit is 'n UDF-vergadering in Durban, die inhoud van die video.

Wat het u toe gedoen? Wat het toe gebeur? -- Ek het vir hom gevra of ek na die video kan kyk en hy het vrywilliglik die video aan my oorhandig.

Het u toe beslag gelê op die video? -- Ja.

Is dit die video nou voor die Hof? -- Dit is korrek.

BEWYSSTUK 20. Nadat u dit by hom gekry het, wat het u gemaak daarmee? -- Ek het dit geseël - ek het eers gekyk daarna en geseël en opgestuur na Veiligheidshoofkantoor, Pretoria.

Het u dit dieselfde dag nog verseël en opgestuur Pretoria toe? -- Ek is nie doodseker nie, maar ek weet dit was nie langer as twee dae, was dit in my besit nie. Ek kan nie presies onthou nie.

Terwyl dit in u besit was, waar het u dit gehou? -- By ons Veiligheidskantoor in die kluis in die middag - dit was 'n Vrydag wat ek kan onthou wat ek beslag gelê het daarop.

Het u dit toe .. -- Ons het dit in die kluis bewaar.

En daarna, toe u dit nou versend het na Pretoria toe, waarmee het u dit verseël? U sê u het dit verseël. -- Dit is met die amptelike seëlnommer. Ek kan die nommer nie nou onthou nie.

Aan wie/..

Aan wie het u dit gestuur in Pretoria? -- Kolonel Abrie.

Terwyl die band in u besit was, vandat u dit gekry het totdat u dit weggestuur het, het u enigsins daarmee gepeuter? -- Nee.

Het u dit in presies dieselfde toestand as waarin u dit gekry het weggestuur? -- Ekskuus?

In presies dieselfde toestand as waarin u dit gekry het toe in die pos gedoen Pretoria toe. -- Dit is korrek.

Die persoon van wie u dit gekry het, weet u op daardie stadium wat sy verbinding of verbintenis was met ander organisasies of sy pligte daaraan verbonde? -- Hy was organiseerder in Newcastle, Dundee en Glencoe-area vir die Natal Indian Congress.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Van u eie kennis, mnr. Carr, u weet nie waar mnr. Kiren Satgoor dit gekry het nie? -- Wat ek kan onthou hy het 'n verklaring afgelê daarna en ek kan nie die persoon se volle naam onthou nie, maar ek dink hy het gesê van 'n mnr. Sewpersadt vanaf Pietermaritzburg.

Maar van u eie kennis weet u nie waar hy dit gekry het nie? -- Nee.

En vir hoe lank dit in sy besit was. -- Ek weet nie.

Hoe lank na die gebeurtenis wat daar sou plaasgevind het, dit in sy besit gekom het nie. -- Nee, ek kan nie ...

En u weet seer seker nie wie verantwoordelik was vir die vervaardiging van die video nie? -- Nee.

Of dit nou geredigeer was of oorgeredigeer was of nie. -- Nee, ek kan nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

PAUL FRANCIS ERASMUS v.o.e.

MNR. JACOBS: Ek dink die getuie verkies om Engels te praat. Ek mag net vir die Hof op hierdie stadium sê die deursoekingslasbrief

wat/..

wat gebruik was en waaroor die getuie se getuienis gaan en die inventaris in hierdie geval is by Pietermaritzburg-hof ingedien. Ek het gesertifiseerde afskrifte net vir hom gekry om in te handig.

HOF: Goed.

EXAMINATION BY MR JACOBS: You are a detective sergeant in the South African Police stationed at Security Branch, John Vorster Square, Johannesburg. -- That is correct.

On 19 Februarie 1985 you, under the command of Captain Oosthuizen, did go to the Khotso House, De Villiers Street, Johannesburg. -- That is correct.

It was for the purpose of a search of the premises of UDF. -- That is correct.

United Democratic Front. To which floor did you go? -- The sixth floor.

When did you start with the search of the building, of the floor, of the offices of UDF? -- At, if I can remember, approximately 07h00 in the morning.

I would like you to have a look at this document, a search warrant. Were you in possession of that when you went to that building? Is it the search warrant? -- That is correct.

You hand it in as EXHIBIT AAV8. The search, was it compiled in the presence of anybody of the UDF? -- There was a Mr Patrick Lepunya present at the UDF offices.

COURT: Patrick Lepunya? -- Lepunya.

MR JACOBS: Is he a representative of the UDF? -- That is correct.

Anybody else, any attorneys? -- Well, during the course of the search if I might point out three attorneys did arrive at the UDF offices.

Yes, who were they? -- Mrs Priscilla Yanna, Mr Krish Naidoo and a Mr Mohammed Bam.

Were they/..

Were they present then when the search took place? -- That is correct.

Now, the articles that you attached there, did you keep an inventory of that? -- That is correct.

Will you have a look at this inventory. -- This is an inventory made during the course of the search.

ASSESSOR (MR KRüGEL): AAV9?

MR JACOBS: AAV9. I would like you to have a look at EXHIBIT 9 before the Court.

COURT: Are you showing EXHIBIT 9 to the witness?

MR JACOBS: EXHIBIT 9. Can you identify that? -- That is correct. I can identify it. It does appear on the inventory according to the entry ...

What number on the inventory? -- That is no. 78.

Did you find that exhibit? -- That is correct.

Where did you find it? -- It was on a steel filing cabinet.

In the office? -- In the offices, together with three similar cassettes, video cassettes.

Are they also inventoried? -- They are listed on the inventory.

So you hand in EXHIBIT 9 then as exhibit to the Court. -- That is correct.

What did you do with this after you had completed the search? -- All the articles on the inventory were handed to Captain Van Niekerk of our branch.

When was that? -- That was on the same day, in other words 19 February.

How long after the search? -- Well, I cannot remember clearly. It must have been possibly an hour. As soon as we returned to John Vorster Square.

And while this exhibit was in your possession, did you

tamper with it in any way? -- Definitely not.

EXHIBIT 9. -- Definitely not.

Did you hand it over to him in the same condition in which you found it? -- That is correct.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: Is the video that is marked no. 78 and titled "New Deal, What Deal?" -- Your Worship, no, entry no. 78 comprises of four articles which I did mention on the inventory.

Yes. -- One was ...

Well, just tell His Lordship whether - you see you say one, two, three, four, the first one is "New Deal, What Deal?" and then you put down 2, 3 and 4, is EXHIBIT 9 entitled "New Deal, What Deal" or not? -- No, it is not marked "New Deal, What Deal".

What is it marked? -- "Tick No. 1."

TICK? -- That is correct.

Have you got EXHIBIT 9 in front of you? -- No.

Has it got any markings on it? -- It has.

What does it say? -- "TIC no. 1."

T? -- TIC and not TICK.

COURT: Is it TIC or TRC? -- Your Worship the type is TIC.

TIC. -- No. 1.

And on your inventory, it is also TIC No. 1? -- TICK.

TICK? -- TICK No. 1.

MR BIZOS: Do you know what TIC stands for? -- Transvaal Indian Congress.

Now, it would appear that EXHIBIT 9 deals with a meeting which is said to have taken place on 8 February 1984. You found it on 9 February 1985. -- That is correct.

You do not know whether it is an original or a copy? -- I do not. I in fact do not know anything about the tape apart from the fact that ...

You do not/..

You do not know who made it. -- No.

You do not know who kept it after it was made. -- I am afraid not.

You do not know if it was edited or re-edited or altered during this period of a year? -- No, I really do not know.

COURT: May I have that exhibit, please, the inventory.

RE-EXAMINATION BY MR JACOBS: No questions.

NO FURTHER QUESTIONS

COURT: When will you have crossed the "t"s and dotted the "i"s, Mr Bizos?

MR BIZOS: My Lord, we would require a short adjournment for that purpose.

COURT: I will do that if necessary.

MR BIZOS: As Your Lordship pleases because we would also like to just read them through to the accused and also we understand from Our Learned Friends that they do not want to hand in hand-written documents to Your Lordship and they will try and have them typed ..

COURT: Well, we can have it provisionally on the basis of a handwritten document and you can have it typed later on.

PETER JAMES MAESTER v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Wat is u rang? -- Ek is ŉ kaptein.

In die Suid-Afrikaanse Polisie en waar is u gestasioneer? -- Te Grahamstad.

Ken u vir mnr. Neveling, Ernest Michael Jerome Neveling? -- Ek ken hom.

Is hy ŉ polisiebeampte wat op dieselfde plek gestasioneer is as u? -- Dit is korrek.

Kan u onthou gedurende Februarie 1985 dat hy daar ŉ video-kassetopname in die brandkluis toegesluit het? -- Dit is korrek.

En dat hy/..

En dat hy dit daar gehou het. Vir hoe lank het hy dit daar gehou? -- Dit was 'n redelike tydperk gewees.

En dat op 1985-04-15 het hy dit verwyder uit die brandkluis uit. -- Dit is korrek.

In die tydperk wat dit daar gehou was in die brandkluis - waar is die brandkluis, in watter polisiestasie? -- Dit is by die Veiligheidstak te Grahamstad.

In die tyd wat die kasset daar in die brandkluis gehou was, het enigiemand anders behalwe u en mnr. Neveling toegang gehad tot daardie brandkluis? -- Geen ander persoon het toegang tot die brandkluis gehad nie.

Het uself daardie kasset hanteer in daardie tydperk wat dit in die brandkluis was? -- Nee.

Was daar enige ander kassette behalwe hierdie een in die brandkluis gehou? -- Dit was die enigste een.

En die enigste persoon wat dit gehanteer het, as ek u reg verstaan het, was Neveling? -- Was luitenant Neveling.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Geen vrae.

MR BIZOS: No questions. We make it quite clear that we would have considered this one of the middle-men so to speak, but I suppose as he was here it may have been decided to call him, but we would have ...

GEEN VERDERE VRAE

MNR. JACOBS: U Edele, ek vra dan 'n verdaging op hierdie stadium dat ons die erkennings kan afhandel en sien waar - indien dit nodig is dat ek ander getuies moet roep.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: U Edele, die erkennings waarop die Staat en die Verdediging ooreengekom het, is nou finaal opgestel. Dit is in skrif en nog nie getik nie, maar ons sal dit laat tik op 'n later stadium. Ek vra dat mnr. Fick dit sal uitlees aan die Hof

want/..

want dit is in sy handskrif.

HOF: Gaan dit 'n bewysstuknommer kry? Ons het die erkennings 'n spesiale nommer gegee. AAS.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Dit sal AAS6 wees dan.

K296 HOF: Ja, AAS6 is die laaste een wat ek het. Dit is die verduideliking van AAS4, dan sal dit AAS7 wees.

MNR. FICK: U Edele, die erkennings lees as volg: Dat kaptein A.P. van Niekerk BEWYSSTUKKE NR. 2, 3, 4, 10, 11, 15, 18(1) en (2), 19(1) en (2), 28 en 29 op 11 Oktober 1984 aan kaptein F.P.R. Botha te John Vorster-plein, Johannesburg oorhandig het. Dat kaptein F.P.R. Botha by ontvangs die veiligheidsknippies van BEWYSSTUKKE 2, 3, 4, 10, 11, 15, 18(1) en (2) ...

HOF: Die hele klomp?

MNR. FICK: Die hele klomp weer.

HOF: Ja?

MNR. FICK: Afgebreek het om te verhoed dat enigiets tot die kassetopnames toegevoeg of daarvan afgevee word en kopieë gemaak van die betrokke bewysstukke. Hierdie betrokke bewysstukke - 2, 3, 4, 10, 11, 15, 18(1) en (2), 19(1) en (2), 28 en 29, is hierna in 'n staalkabinet toegesluit. Van die kopieë van BEWYSSTUKKE 2, 3, 4, 10, 11, 15, 18(1) en (2), 19(1) en (2), 28 en 29 het kaptein F.P.R. Botha transkripsies gemaak. Dokumente V2, 3, 4, 10 ...

HOF: V2, V3, V4 ...

MNR. FICK: V10, V11, V15, V18A, V18B, V19A, V19B, V25 en V23 verwys. Hierdie bewysstukke, 2, 3, 4, 10, 11, 15, 18(1) en (2), 19(1) en (2) en 28 en 29, is verseël met amptelike seël 1350 deur kaptein F.P.R. Botha.

HOF: 1350?

MNR. FICK: 1350.

HOF: Maar is die seël nie 114 nie?

MNR. FICK/..

MNR. FICK: U Edele, daar is later ander seëls ook gebruik. Ten aansien van BEWYSSTUK 8 word erken dat sersant J.P. van der Merwe op 17 April 1985 BEWYSSTUK 8 van majoor F.J.M. Venter ontvang het, dat sersant J.P. van der Merwe die knippie van die kasset afgebreek het om te verhoed dat enigiets van die kasset afgevee of bygevoeg word, dat sersant J.P. van der Merwe 'n kopie van BEWYSSTUK 8 gemaak het wat aangewend is vir die maak van transkripsie-dokument V8. Die meesterkasset het sersant J.P. van der Merwe gemerk soos op BEWYSSTUK 8 se rugkant aangetoon word en die meesterkasset daarna verseël met amptelike polisieseël 1141 en in 'n staalkabinet bewaar totdat dit as BEWYSSTUK 8 in hierdie hof ingehandig is. Dat daar, vandat die band op 1985-04-17 deur sersant J.P. van der Merwe ontvang is, op gener wyse gepeuter is met die kasset en niks daaraan toegevoeg of afgevee is totdat die kasset by die Hof ingehandig is nie.

Ten aansien van BEWYSSTUK 9, dat BEWYSSTUK 9 op 19 Februarie 1985 ontvang is deur kaptein A.P. van Niekerk van sersant P. Erasmus te John Vorster-plein, Johannesburg en het kaptein A.P. van Niekerk BEWYSSTUK 9 in veilige bewaring gehou tot 22 Februarie 1985 toe kaptein F.P.R. Botha die bewysstuk ontvang het. Kaptein F.P.R. Botha het die veiligheidsknippie afgebreek van BEWYSSTUK 9 om te verhoed dat enigiets bygevoeg of afgevee word van die kassetopname. BEWYSSTUK 9 is hierna deur kaptein F.P.R. Botha gekopieer welke kopie aangewend is vir die maak van 'n transkripsie-dokument V9 verwys. BEWYSSTUK 9 is deur kaptein F.P.R. Botha in 'n staalkabinet in sy kantoor toegesluit.

Ten aansien van BEWYSSTUK 13, U Edele, dit is die enigste bewysstuk waar die Verdediging die eerste getuie wat die beslaglegging gedoen het erken. Die rede is hulle was tegemoetkomend ten opsigte van die Staat, want die getuie, majoor Benjamin, lê met dubbele longontsteking in die hospitaal. Ons kan nie

aangaan/..

aangaan op die oomblik sonder hom nie. Hulle erken dat op 21 Augustus 1984 het majoor J. Benjamin die woning van Mewa Ramgobin te Verulam deursoek en op 'n videokasset getiteld "Regina Mundi Soweto July 8, 1984 Release Mandela Campaign" beslag gelê, in die teenwoordigheid van Mewa Ramgobin. Die videokasset is deur majoor Benjamin in sy kantoor agter slot en grendel bewaar totdat hy die kasset op 1 September 1984 in 'n koevert verseël het met amptelike polisieseël 266 en per geregistreerde pos aan kaptein F.P.R. Botha in Pretoria gepos het. Op 3 September 1984 het kaptein F.P.R. Botha gemelde kasset ontvang per pos en dit aan kaptein H.F. Kruger te polisiehoofkantoor oorhandig. Kaptein H.F. Kruger het 'n kopie van BEWYSSTUK 13 gemaak en op dieselfde dag, 3 September 1984, die meesterkopie terugoorhandig aan kaptein F.P.R. Botha. BEWYSSTUK 13 is in 'n staalkabinet in kaptein F.P.R. Botha se kantoor deur kaptein Botha toegesluit en van die kopie het kaptein F.P.R. Botha 'n transkripsie gemaak, dokument V13 verwys. Dan word erken dat majoor Benjamin is nie in staat om aan te dui of die kasset waarop hy beslag gelê het 'n oorspronklike opname is nie, of die opname geredigeer is en wat die geskiedenis van die betrokke kasset is sedert die vergadering plaasgevind het totdat hy op 21 Augustus 1984 daarop beslag gelê het nie.

Ten aansien van BEWYSSTUK 16 word erken dat op 19 Februarie 1985 het adjudantoffisier H.J. Nieuwoudt van die polisie te Kimberley 'n kartondoos bevattende BEWYSSTUK 16 van adjudantoffisier Kok te Veiligheidskantore, Vryburg ontvang en dit aan kaptein A.P. van Niekerk op 21 Februarie 1985 oorhandig wie BEWYSSTUK 16 op 22 Februarie 1985 aan kaptein F.P.R. Botha oorhandig het. Kaptein F.P.R. Botha het die knippies van die kasset afgebreek om te verhoed dat enigiets tot die kassetopname bygevoeg of daarvan afgevee word en kaptein F.P.R. Botha het 'n kopie

van/..

van BEWYSSTUK 16 gemaak wat gebruik was vir die maak van 'n transkripsie, dokument V16 verwys. BEWYSSTUK 16 wat van kaptein Van Niekerkaan kaptein F.P.R. Botha oorhandig is, is deur kaptein Botha agter slot en grendel bewaar

U Edele, dan ten aansien van BEWYSSTUK 20 - ek slaan BEWYSSTUK 17 doelbewus oor omdat dit baie lank is en die ander bewysstukke uiteindelik - die verloop van die bewysstukke dek. Ek wil eers net BEWYSSTUK 20 meld. Nadat adjudantoffisier D. Carr beslag gelê het op kasset, BEWYSSTUK 20, het hy dit met die amptelike polisieseël van Newcastle verseël en na kolonel S.J.P. Abrie in Pretoria gestuur. Die kasset is egter in Pretoria aan kaptein F.P.R. Botha oorhandig aangesien kolonel Abrie nie beskikbaar was nie en het kaptein F.P.R. Botha BEWYSSTUK 20 in die staalkabinet in sy kantoor toegesluit.

Ten aansien van BEWYSSTUK 17 en die verdere verloop van die ander dokumente word erken, eerstens dat luitenant H. Adendorf BEWYSSTUK 17 aan kaptein F.P.R. Botha te Ladysmith op 2 Oktober 1984 oorhandig het. Daarna het kaptein F.P.R. Botha die veiligheidsknippies afgebreek van BEWYSSTUK 17 om te verhoed dat enigiets bygevoeg of afgevee kan word, 'n kopie van BEWYSSTUK 17 is deur kaptein F.P.R. Botha gemaak en BEWYSSTUK 17 is in 'n staalkabinet tesame met BEWYSSTUKKE 2, 3, 4, 9, 10, 11, 13, 15, 16, 18(1), 18(2), 19(1), 19(2), 20, 28 en 29 toegesluit. Op 18 Oktober 1985 het kaptein F.P.R. Botha al bogenoemde bewysstukke verseël in koeverte met amptelike polisieseël 1350 en na Pietermaritzburg verwyder al waar die bewysstukke aan kaptein A.P. van Niekerk oorhandig is. Op 18 Oktober 1985 is die geseëlde koeverte oopgemaak deur kaptein A.P. van Niekerk in die teenwoordigheid van kaptein F.P.R. Botha en adjudantoffisier D. Carr en is BEWYSSTUK 2 gemerk D5, BEWYSSTUK 3 gemerk D8, BEWYSSTUK 4 gemerk D6, BEWYSSTUK 9 gemerk D12, BEWYSSTUK 10 gemerk D14,

BEWYSSTUK 11/..

BEWYSSTUK 11 gemerk D15, BEWYSSTUK 15 gemerk D18, BEWYSSTUK 13 gemerk D16, BEWYSSTUK 18(1) en (2) word onderskeidelik D22(1) en (2), BEWYSSTUKKE 19(1) en 19(2) word onderskeidelik D7(1) en D7(2) BEWYSSTUK 20 word D9(1) gemerk, BEWYSSTUK 28 word D3, BEWYSSTUK 29 word ook D3, BEWYSSTUK 16 word D19 gemerk en BEWYSSTUK 17 word gemerk D20. Hierna is hierdie bewysstukke almal aan adjudant-offisier Carr oorhandig vir vertoning in die hof. Adjudantoffisier D. Carr het hierna al gemelde bewysstukke by die hof ingehandig as bewysstukke, te Pietermaritzburg. Op 18 November 1985 het kaptein Z. de Beer BEWYSSTUKKE 28, dit was D3 gewees, BEWYSSTUK 3, dit was D8, BEWYSSTUK 10, dit was D14, BEWYSSTUK 11, dit was D15, BEWYSSTUK 13, dit was D16, BEWYSSTUK 17, dit is D20, BEWYSSTUK 18(2), dit is D22(2), ontvang van adjudantoffisier Carr in apart verseëlde koeverte nadat adjudantoffisier Carr die kassette verseël het met amptelike polisieseël 1021. Kaptein Z. de Beer het hierna hierdie gemelde bewysstukke aan dr. Jansen van die Forensiese Laboratorium te Pretoria oorhandig. Dr. Jansen het op 11 Desember 1985 al bogemelde bewysstukke terugoorhandig aan kaptein Z. de Beer, ongeopen en nog steeds verseël met seël 1021.

HOF: Hy het nie die goed oopgemaak nie?

MNR. FICK: Nie oopgemaak nie. U Edele, ek kan net meld dit was op die stadium, vandat dit vir hom gegee is tot voordat hy dit oopgemaak het, het die Staat die vervolging gestaak daar in Pietermaritzburg en toe was daar geen sin om verder met die goed te handel nie.

HOF: Dit was vertoon in die hof en toe is dit na dr. Jansen toe gestuur?

MNR. FICK: Na dr. Jansen toe gestuur en voordat hy dit ..

HOF: Dr. Jansen het dit nie oopgemaak nie?

MNR. FICK: Hy het dit nie oopgemaak nie, want teen sekere van die beskuldigdes is op daardie stadium vervolging gestaak en daar

was/..

was geen sin om hierdie betrokke bewysstukke verder te ondersoek nie. Op 12 Desember 1985 het kaptein Z. de Beer al genoemde bewysstukke nog steeds ongeopen verseël met seël 1021 aan adjudantoffisier D. Carr te Pietermaritzburg oorhandig. BEWYSSTUKKE 3, 10, 11, 13, 17, 18(2) en 28 se verseëlde koeverte is toe op 19 Desember 1985 deur adjudantoffisier Carr gebreek. Die gemelde bewysstukke het adjudantoffisier Carr, na dit gekontroleer is, tesame met BEWYSSTUKKE 2, 4, 9, 15, 16, 18(1), 19(1) en (2), 20 en 29 wat hy vanaf die Griffier van die Hooggeregshof, Pietermaritzburg ontvang het in twee kartondose verpak en verseël met amptelike seël 1021. Gemelde verseëlde kartondose is op 14 Januarie 1986 aan sersant J.P. van der Merwe te Pretoria oorhandig. Sersant J.P. van der Merwe het gemelde kartondose se seëls gebreek in die teenwoordigheid van adjudantoffisier Carr en die inhoud gekontroleer. Daarna het sersant J.P. van der Merwe elke van die genoemde bewysstukke afsonderlik in amptelike koeverte verseël met amptelike polisieseël 1141 en in sy kantoor in 'n staalkabinet, waarvan hy die enigste sleutel het, toegesluit en bewaar tot tyd en wyl die verseëlde koeverte in die Hof te Delmas in hierdie betrokke verhoor by die Hof ingehandig is as bewysstukke. Op geen stadium, vandat die gemelde bewysstukke vir die eerste keer in die besit van die S.A. Polisiebeamptes gekom het en totdat dit by die Hof alhier ingehandig is as bewysstukke, is enigiets aan genoemde kassetbande toegevoeg of enigiets daarvan uitgewis of is met die inhoud daarvan gepeuter.

My Geleerde Vriend sal bevestig dat dit die erkennings is. U Edele, mag ek dit hou vir die tikster ..

HOF: Ja, sal u dit merk as AAS7 en dan later vir my die oorspronklike gee, dit is getik, en daardie een.

MR BIZOS: My Lord, we admit the facts read out to Your Lordship. We agree that they should be recorded as formal admissions

in terms/..

in terms of Section 220 and that the accused have been made aware of them, they agree and they will sign the document once it is typed formally.

COURT: Mr Bizos, does this now mean that the dispute about the videos is limited to what may or may not have happened to them before they came into the possession of the South African Police?

MR BIZOS: I think that that is putting it fairly, My Lord. We are not suggesting - we are unable to suggest that anything untoward may have happened to them since the police came into possession of them.

COURT: Up to the time they were handed in to Court?

MR BIZOS: Up to the time that they came into Court. I think that that is really a fair summary of what the position is.

MNR. JACOBS: U Edele, dan as mnr. Bizos nog voortgaan met sy beswaar - ons gaan nie verdere getuienis aanbied oor die kwessie van die ...

HOF: Is dit u getuienis ten aansien van die videos, wat betref die toelaatbaarheid van die videos?

MNR. JACOBS: Ja.

COURT: On this aspect of the admissibility of the videos, Mr Bizos, I take it that you have the right to adduce evidence, if you want to and if not and you persist in your objection, then we will have to have argument on that.

MR BIZOS: Yes, My Lord, I think that the stage has been reached which we are to inform Your Lordship that we do not intend leading evidence on the admissibility of the videos, but that we persist in our objection on the admissibility of the videos, already shown or tendered to be shown to Your Lordship and we believe that the time has arrived for the State to tell Your Lordship why you should receive them.

MR MARCUS ADDRESSES COURT ON THE QUESTION OF ADMISSIBILITY OF VIDEOS

MNR. JACOBS SPREEK HOF TOE

MR MARCUS REPLIES

----------

COURT: I reserve my judgment on this issue. Het u getuienis om môre mee voort te gaan?

MNR. JACOBS: Ons probeer om getuies te kry. Ons moet hulle ongelukkig van ver af kry. Dit is die 31 plekke se getuies wat ons nou begin nader trek.

HOF: U sal hulle maar moet laat kom, want dit gaan 'n rukkie duur voordat ek uitspraak gee hierin.

MNR. JACOBS: Nee, ek aanvaar dit so. Ek probeer my bes om hulle hier te kry. Die tyd het ons 'n bietjie ingehaal met die erkennings en so aan, maar ek sal my bes probeer.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-28

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-12-95**
*Document Title:-* **Vol 95 p 4619-4644. Witnesses: Van Niekerk, Carr, Erasmus, Maesker**